



GEREFORMEERDE SKOOL
DIRK POSTMA

INFO 17/2026

9 Oktober 2026



Van die skoolhoof

Psalm 90:12: "Leer ons om ons dae so te tel dat ons 'n wyse hart mag bekom!"

Saam met die pragtige jakarandas, die lentereën en die warmer dae word ons opnuut bewus van die verloop van **tyd**. 'n Nuwe seisoen het aangebreek, maar ook 'n nuwe kwartaal, die laaste kwartaal van die jaar.

Vir onderwysers is dit 'n **tyd** van afronding, assessering en voorbereiding vir die eksamens wat voorlê. Vir ons matrieks is hul skoolloopbaan feitlik verby. Wat nou oorbly, is die eindeksamen, die laaste groot geleentheid om iets te wys van dit wat oor twaalf jaar geleer en opgebou is.

Die Skrif herinner ons telkens daaraan dat **tyd** kosbaar is. Ons word opgeroep om die **tyd** uit te koop en ons dae met wysheid te gebruik. Dit vra beplanning, inspanning en selfdisipline. Ons leef maklik asof ons **tyd** aan onself behoort en bloot daar is om ons eie behoeftes, planne en begeertes te bevredig. Tog is **tyd**, soos elke ander goeie gawe, iets wat ons uit die hand van die Here ontvang.

Oud en jonk worstel soms met goeie tydsbenutting. Dit verg doelbewuste keuses om onself gereeld af te vra: Waarmee is ek besig? Is dit wat nou my aandag vra werklik belangrik? Dien ek die Here en my naaste ook met die manier waarop ek my **tyd** gebruik?

Vir die matrikulant beteken dit nou 'n **tyd** van fokus en harde werk. Vir die onderwyser beteken dit dat die rus van die vakansie verby is en dat die nuwe kwartaal met nuwe ywer aangepak moet word. Vir ouers beteken dit dat ons ons kinders help om prioriteite te stel. Vir elke leerder beteken dit dat ons bedag moet wees op die vele dinge wat ongemerk ure van ons dag kan opeis.

Christus self stel vir ons 'n besondere voorbeeld. In **Markus 1** lees ons van 'n dag vol onderrig, diens en genesing. Tog staan Jesus die volgende oggend, terwyl dit nog donker is, op en gaan na 'n stil plek om te bid. Te midde van al die eise op sy **tyd**, maak Hy **tyd** om alleen met sy Vader te wees.

Daar lê vir ons groot wysheid hierin. Wanneer ons ons dag voor die Here begin, word ons fokus gerig en ons prioriteite georden. Dan leer ons om, juis te midde van 'n vol program, **tyd** te maak vir sy Woord, vir ons gebed, vir ons gesinne en vir mekaar.

Mag hierdie nuwe kwartaal vir ons almal 'n **tyd** wees waarin ons die Here vra: Leer ons om ons dae so te tel dat ons 'n wyse hart mag bekom.

Saskia Meijer



Beplanner

09/10: CP-7's Rugbytoernooi

10/10: CP-7's Rugbytoernooi

13/10: HS Oueraand

16/10: KS Snoepie op die stoepie

16/10-17/10: Rapportryers

Bybelvasvra Finaal

17/10: Tygerpoort 7's Rugbytoernooi

22/10: HS Kunsuitstalling



ALGEMEEN

BELANGRIKE KENNISGEWING: AFHAAL VAN LEERDERS OP VRYDAG 16 OKTOBER

Geagte Ouers

Op **Vrydag 16 Oktober** vind daar om **13:00** 'n troue by GK Kandelaar plaas. Die kerk se parkeerterrein sal gevolglik reeds vanaf **11:45** nie meer vir skoolouers beskikbaar wees nie.

Om die afhaal van leerders so veilig en vlot moontlik te laat verloop, tref ons die volgende reëlins:

Graad 1 en 2 – 13:00

Leerders word by die **Cunninghamlaanhek** afgehaal. Die onderwysers sal saam met hul klasse by die hek gereed wees. Aangesien parkeerruimte beperk is, versoek ons ouers vriendelik om leerders so gou moontlik af te haal en nie by die hek te vertoef nie.

Graad 3 tot 7 – 13:30

Leerders word by die **klein hekkie in Dickensonlaan** afgehaal. Ouers kan in Dickensonlaan parkeer. Die onderwysers sal saam met hul registerklasse op die gras by die hekkie wag.

Ons vra ouers se vriendelike samewerking om die afhaalproses ordelik en veilig te laat verloop. Baie dankie vir u begrip en tegemoetkoming met hierdie tydelike reëlins.

Die troupaartjie:

Eric Wilcocks en Janneke vd Smit: Matriek 2016



BOEKBEKENDSTELLING

Estée Cockcroft het Donderdagoggend saam met LAPA uitgewers ons skool besoek. Sy is 'n ma wat 'n behoefte in die mark raakgesien het om kinders toe te rus met die nodige kennis en vaardighede om hul weg met verantwoordelikheid in die **digitale wêreld** te vind.

In 2018 het sy Screen Smarts gestig en begin saamwerk met kundiges en opvoeders om 'n gesonder en veiliger digitale omgewing vir ons kinders te bevorder.

Estée staan aan die hoof van **Screen Smarts**, 'n onderneming wat kinders van alle ouderdomme toerus om die digitale wêreld op 'n ingeligte, verantwoordelike en veilige manier te gebruik.

Uit haar pen het die boek **SkermSlim** gevloei. Dit is 'n boek wat op 'n prettige wyse kinders toerus om op 'n verantwoordelike wyse met skerms om te gaan.

Hoofstuk een verduidelik die konsepte van digitale voetspore aan die hand van 'n fiktiewe karakter, en hoe die internet 'n permanente spoor laat wat in die toekoms 'n meulsteen om die nek kan word. Die tweede hoofstuk verduidelik d.m.v. praktiese voorbeelde die permanensie en onmiddellikheid van digitale inhoud. Hoofstukke drie en vier se toon is waarskuwend en verwys na die teenwoordigheid van dwase en gevaarlike figure. Heelwat ruimte word afgestaan aan kuberboeligedrag, en met goeie rede.

Die ander hoofstukke kyk na die verskyningsvorme van digitale interaksie en word opgedeel onder die hoofde Facebook, kletsgroepe en aanlyn speletjies.

Die slothoofstukke bevestig die nuttigheid en toenemende teenwoordigheid van kunsmatige intelligensie, maar balanseer dit met wenke en waarskuwings aangaande skermtyd.

Daar is 'n groot verskil tussen 'n handleiding wat op 'n hoogdrawende wyse 'n kind in 'n rigting probeer dwing en een wat poog om met opregtheid die kind op sy eie vlak te ontmoet. Hierdie boek is 'n aanbevole metgesel van 'n kind se eerste slimfoon.

Hierdie boek sal tydens die **Boekverkoop** van **14 Oktober** teen **R220** by die skool beskikbaar wees.



HARTLIK WELKOM, JUFFROU JANA!

Ons heet **juffrou Jana Maritz** baie hartlik welkom by Gereformeerde Hoërskool Dirk Postma!

Juffrou Jana is verantwoordelik vir die aanbieding van **Engels** aan ons graad 9-, 10- en 11-leerders.

Ons is dankbaar dat sy deel van ons skoolgemeenskap word en vertrou dat sy sommer gou tuis sal voel in die Dirk Postma-familie.

Mag die Here haar ryklik seën in haar werk en mag haar gawes en talente tot seën van ons leerders en skool wees!



'N KOSBARE VERBONDSKINDJIE!



Ons deel in die groot vreugde en dankbaarheid van **juffrou Martha en haar man, Lourens**, oor die geboorte van hul verbondskindjie, klein **Lorraine**.

Mag die Here vir Lourens en Martha elke dag die nodige liefde, wysheid en krag skenk om haar in die vrees van sy Naam groot te maak. Ons bid dat klein Lorraine onder die Here se liefdevolle sorg sal opgroei en dat sy vir haar ouers tot groot vreugde en seën sal wees!

ATLETIEK 2027

Ons is baie dankbaar dat een van ons ouers, **mev Karyna le Roux** haar dienste aangebied het om **2027** se atletiek te organiseer.

Sy het 'n besondere liefde vir atletiek en beskik oor goeie kennis en ervaring van die sport. Dit is vir ons 'n groot voorreg dat sy bereid is om haar tyd, energie en kundigheid met die skool en ons kinders te deel.

In haar rol as **atletiekorganiseerder** sal sy help met die beplanning en organisering van die atletiekprogram en nou saamwerk met die skool se sportorganiseerder. Die atletiekorganiseerder sal dus spesifiek op die atletiekprogram fokus.

Ons glo dat hierdie samewerking vir ons atletiek baie positief sal wees en dat dit sal help om geleenthede vir ons leerders uit te bou.

Ons is opreg dankbaar vir ouers wat bereid is om hul gawes en kundigheid tot diens van die skoolgemeenskap aan te wend. Ons sien uit na die nuwe atletiekseisoen en vertrou dat dit 'n mooi en opbouwende jaar vir ons atlete sal wees.



BELANGRIKE KENNISGEWING: JAARLIKSE BEGROTINGSVERGADERING

Alle ouers, lede én nie-lede, word vriendelik dog dringend versoek om die **jaarlikse begrotingsvergadering** by te woon.

Datum: Dinsdag 27 Oktober 2026 (DV)

Tyd: 19:30 (Koffie en tee word vanaf 19:00 bedien)

Plek: Gereformeerde Kerk Die Kandelaar

Tydens hierdie vergadering sal die skool se begroting vir **2027** bespreek word. Die besluite wat hier geneem word, raak elke gesin en speel 'n belangrike rol in die finansiële beplanning en volhoubare voortbestaan van ons skool.

Ons doen daarom 'n ernstige beroep op alle ouers om hierdie vergadering as 'n prioriteit te beskou en dit by te woon.

U betrokkenheid en insette is vir ons van groot waarde. Ons sien daarna uit om u daar te verwelkom.





DAGBOEK SOLANK DIE DATUM
Dirk Postma 40 jaar-dankdiens

SATERDAG
16
Januarie 2027

GEREFORMEERDE KERK
15:00
Die Kandelaar



BOEKVERKOPING
Woensdag, 14 Oktober 2026
9:00 -14:00

Die Psalms vir klein kinders NOU BESKIKBAAR

Beskikbaar by Boekenhout



GEREFORMEERDE SKOOL
DIRK POSTMA


Die Psalms vir klein kinders



Saamgestel deur Marjan van de Kamp
Illustrasies deur Suzanne Coetzer

R120

Die liefde vir Psalms
word meestal vanaf
kleutertyd aangeleer.



Saamgestel en geïllustreer deur
Marjan vd Kamp en Suzanne Coetzer;
beide is Dirk Postma-ouers.



Uitgegee deur
Fontein Uitgewery

Ons kan nooit te vroeg begin om hierdie kosbare skat aan hulle te leer nie. Hierdie boekie het 24 bekende Psalms, aangevul met treffende illustrasies, in 'n bundeltjie saamgevat wat die kleuter saam kan neem kerk toe. So voel die kleinste lidmate ook sommer deel van die erediens. Mag hierdie boekie ook bydra dat dit die liefde vir Psalms in ons kleintjies se harte mag wek.

HELP ONS OM TE HERWIN

Bring **ALLE** glasitems
en plaas dit in die
aangewysde dromme
by die skool.



Kleutenskool

Neem kennis van die volgende datums:

16 Oktober: Snoepie op die stoepie (R10)

13 November: Lekkertjiedag

19 November: Gradeplegtigheid

20 November: Graad 1-kuierdag

24 November: Intreevergadering vir
nuwe ouers

26 November: Graad 1-kuierdag en
kuierdag vir nuwe kleuters (2027)



Snoepie op die stoepie

Bring 'n R10 in
'n oulike beursie,
sakkie of botteltjie.
wat gemerk is
met jou naam.



Dankie dat jy
saam help om ons
snoepie 'n sukses
te maak!

Lekkergoedpakkies

R10

Vrydag
16 Oktober



Wees sterk en vol moed

EKSAMENROOSTER - November 2026

	GR 4	GR 5	GR 6	GR 7
Wo. 11 Nov.				Tegn.
Do. 12 Nov.	Kerkgeskiedenis	Kerkgeskiedenis	Kerkgeskiedenis	Kerkgeskiedenis
Vr. 13 Nov.				EBW
Ma. 16 Nov.	Afrikaans 2	Afrikaans 2	Afrikaans 2	Wiskunde 2
Di. 17 Nov.	LO	Bybel	Nat +Tegn.	NW
Wo. 18 Nov.	Wiskunde 1	Wiskunde 1	Engels	LO
Do. 19 Nov.	SW	LO	Bybel	SW
Vr. 20 Nov.	Afrikaans 1	Afrikaans 1	Afrikaans 1	Afrikaans 1
Ma. 23 Nov.	K+K	K+K	K+K	K+K
Di. 24 Nov.	Bybel	SW	Wiskunde 1	Wiskunde 1
Wo. 25 Nov.	Engels	Engels	LO	Bybel
Do. 26 Nov.	Nat +Tegn.	Nat +Tegn.	SW	Engels
Vr. 27 Nov.	Wiskunde 2	Wiskunde 2	Wiskunde 2	Afrikaans 2

Wo. 11 Nov. – Vr.13 Nov.: Tydens klastyd in die spesifieke periodes.

Ma. 16 Nov. – Do. 26 Nov.: Eksamen (07:40 – 12:00) *Wagklas is beskikbaar tot 13:30

Vr. 27 Nov. : Eksamen en skool uit om 11:00

Stoei

Jeandre Landsberg het 2 en 3 Oktober in die Kaap aan die **SA Stoei-kampioenskap** deelgeneem.

Hier het hy 3de plek in o.8-kategorie behaal.

Baie geluk met 'n mooi prestasie, Jeandre.



Hoënskool

Sokker

Vier van ons graad 9-leerlinge het die afgelope Saterdag aan die finale van die **Football Association of Pretoria (FAP)** deelgeneem en het die beker gewen vir 2026.

Hendrik Boersema, Wian Boersema, Korah Mnisi en Robert van der Vinne speel vir die Hollandia Sokkerklub. Hierdie span het 'n 2-1 oorwinning teen die Titans behaal. Baie geluk met hierdie pragtige prestasie!

Jukskei

Dian Kruger is vir die o.19 B Gauteng-Noord Jukskei-span gekies. Hy neem Saterdag 17 Oktober aan die **Gauteng Junior Kampioenskappe** (Bondedag) deel. Sterkte met die voorbereiding



Hoërskool

Oueraand

Oueraand vind **DV Dinsdag 13 Oktober** plaas. Kontak asseblief vir mev. Boersema by die kantoor om afsprake met die betrokke vakonderwysers te maak.

Bybelvasvra

Drie van ons hoërskool se Bybelvasvra-spanne het na die **Rapportryers Bybelvasvra** se finale rondte deurgedring, wat DV 16 en 17 Oktober 2026 plaasvind.

Baie sterkte aan juf. Lientjie en die spanne vir die finale rondte.

Bergfietsry

Cobus Hagg het gekwalifiseer om Gauteng te verteenwoordig by die SA **Hoërskool MTB Interprovinsiale Finaal 2026**, wat 2 en 3 Oktober plaasgevind het.

Tydens die strawwe kompetisie het hy Vrydag die skool verteenwoordig en 13de plek verower en Saterdag Gauteng verteenwoordig waar hy 12de geëindig het. Dit is voorwaar 'n merkwaardige prestasie!



Perdry

Janiqa Wasserfall het op 3 Oktober aan die **SANESA (South African National Equestrian Schools Association) Nasionale kampioenskappe** deelgeneem en 'n 1ste plek in die hoërskool-afdeling behaal. Baie geluk, Janiqa!

Dirkies-Help-'n-Ander skop weer af!

Net soos verlede jaar wil ons weer vir elke leerling in die **Ramotse Gereformeerde gemeente** se nasorgsentrum verbly met 'n geskenk! Dit sal by hulle jaarafsluiting oorhandig word. Die leerlinge word elke middag met huiswerk gehelp deur vrywilligers uit Ramotse en ander gemeentes.

Wat kan jy doen om vir iemand te wys jy gee om?

Skenk 'n deurskynende sakkie met die volgende: Waslap, tandeborsel, tandepasta, seep, onderarmrol en 'n suigstokkie. Ons hou die pakkies almal eenders sodat niemand afgeskeep voel nie.

Ons verpak alles en voeg 'n kaartjie by met 'n teksgedeelte, wat die leerlinge in die klas gaan invul.

Kom ons gee, uit die oorfloed wat ons uit God se hand ontvang, ook mildelik aan ander en wys ons gee om.

“Laat elkeen gee soos hy hom in sy kart voorneem, nie met droefheid of uit dwang nie, want God het 'n blymoedige gewer lief.”

HOËRSKOOLOPROJEK
'n Fondsinsameling ten bate van Ramotse-naskoolsentrum

**DIRKIES,
KOM ONS HELP ’N ANDER!**

Die pakkies word einde November
tydens hul jaarafsluiting uitgedeel

**Plaas asb. die items in ’n
deurskynende plastieksakkie:**

- waslap
- tandeborsel
- tandepasta
- seep
- onderarmrol
- en ’n suigstokkie

Skenk items tussen
18 September en 6 November.

ARRIE NEL
APTEEKGROEP

Familie Waardes,
Waarde vir die hele Familie!

WELKOM IN ^{apteek}
ARRIE NEL WÊRELD!
www.arrienel.co.za



**GRATIS AFLEWERING
IN JOU AREA**

KILNERPARK APTEEK

☎ 012 012 5171

☎ 079 105 1793

TOTIUSDAL APTEEK+KLINIEK

☎ 012 332 1911/2

☎ 061 549 2255

Wiskunde- en Wetenskaphulpbronne

Alles wat jy nodig het om te studies! **SLAAG** in jou

Teen 'n prys van slegs: R370!!

✓ **Flitskaarte** (Definisies en Verbindings)

✓ **Teorieboek**

✓ **Eksamenvraestelle**
www.wenwetenskap.co.za





KLEIN TREË. STERK FONDASIES. GROOT VORDERING.



**Nou oop in
Waverley Plaza**

Help jou kind om met selfvertroue
en onafhanklikheid te leer!

WISKUNDE

Bou 'n sterk grondslag en verbeter spoed,
akkuraatheid en probleemoplossingsvaardighede.



ENGELS

Ontwikkel woordeskat, leesbegrip, grammatika en
selfvertroue in Engels as 'n tweede taal.



KUMON CONNECT

Die bekende Kumon-werkkaarte - nou beskikbaar digitaal
op tablet - met maklike indiening en deurlopende terugvoer.



Scan me!

**Bespreek 'n gratis
assessering**

<https://www.kumon.co.za/book-assessment/villieria>



076 781 3428

Snapscan Kodes



Snap here to pay



Doen betalings vir skoolfonds of boufonds met behulp van die "snapscan"-kodes of een van die volgende:

EFT

D6-toep

Kaartfasiliteit (laerskoolkantoor)

Ons hanteer GEEN KONTANT nie.



Snap here to pay



GSDP-

SKOOLFONDS

Onthou om altyd u familiekode en die doel (as dit anders is as skoolfonds) te gebruik, byvoorbeeld 0123 BOUFONDS.

GSDP-

BOUFONDS

ONDERSTEUN GSDP & HERWINNING



BLITS

Wanneer u aankope te Blits doen, noem asseblief dat u 'n GSDP-ouer/-ondersteuner is.

Dankie vir u ondersteuning!

MY SCHOOL

Hoe werk die MySchool-kaart? Vir aankope by winkels wat gekoppel is aan die kaart, bv Woolworths, ontvang die skool maandeliks 'n persentasie van die aankope.

Indien u nog nie 'n kaart het nie, besoek die web-tuiste van MySchool en volg die skakel na "Get a MySchool card now". Dit is baie maklik en neem enkele minute.

Ons het afgelope jaar R 16 405,00 uit hierdie projek ontvang.



MySchool MyVillage MyPlanet

PICK N PAY, WAVERLEY PLAZA



Plaas asseblief al u kasregisterstrokie in die houer, gemerk "Dirk Postma". Die skool in die Moot met die MEESTE kasregisterstrokie (nie geldwaarde nie), ontvang aan die einde van die jaar 'n kontantbedrag.

GSDP: GLASPROJEK

Ondersteun asseblief ons glasprojek deur al u "afval"-glas in die houters te Cunninghamlaan te plaas.

**Baie dankie dat ons kan staatmaak op u ondersteuning.
Saam kan ons probeer om die nasionale wenner in 2026 te wees.**

